
# SOEKLIG



## FOKUS OP KOLOSSENSE

# SOEKLIG

## FOKUS OP KOLOSSENSE

## CHRISTUS IS IN JOU!

Leef daarom nóú die lewe van die nuwe mens!

**Prof. Fika van Rensburg**

Uitgegee deur die Calvyn-Jubileumboekefonds in samewerking met die Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Voorblad ontwerp: Mnr. K.H. Schmitz.

Gedruk en gebind deur Heer Drukkers (Edms) Bpk. Pretoria

ISBN 0 86955 044 6

C.J.B.F.

Posbus 20008, Noordbrug
Potchefstroom, 2522

November 1984

OPMERKING

Hoewel die deputate van die Calvyn-Jubileumboekefonds (C.J.B.F.) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, dié van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die C.J.B.F.-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

## INHOUDSOPGAWE


1. VOORWOORD DEUR DIE HANDLEIDINGSAMESTELLER .......... 5
2. VOORWOORD NAMENS DIE DEPUTATE JEUGSORG .......... 5
3. RIGLYN VIR GEBRUIK .......... 6
DAG 1 KOLOSSENSE 1:1 + 2 .......... 8
DAG 2 KOLOSSENSE 1:3-8 .......... 9
DAG 3 KOLOSSENSE 1:9-12 .......... 10
DAG 4 KOLOSSENSE 1:13-20 .......... 11
DAG 5 KOLOSSENSE 1:21-23 .......... 12
DAG 6 KOLOSSENSE 1:24+25 .......... 14
DAG 7 KOLOSSENSE 1:25-27 .......... 15
DAG 8 KOLOSSENSE 1:28+29 .......... 16
DAG 9 KOLOSSENSE 2:1-5 .......... 17
DAG 10 KOLOSSENSE 2:6+7, 8-15 .......... 18
DAG 11 KOLOSSENSE 2:6+7, 16-23 .......... 19
DAG 12 KOLOSSENSE 3:1-4 .......... 20
DAG 13 KOLOSSENSE 3:1-4, 5-11 .......... 21
DAG 14 KOLOSSENSE 3:1-4, 12-16 .......... 22
DAG 15 KOLOSSENSE 3:1-4, 5-11 .......... 23
DAG 16 KOLOSSENSE 3:17; 18+19 .......... 24
DAG 17 KOLOSSENSE 3:17; 20+21 .......... 25
DAG 18 KOLOSSENSE 3:17+22-4:1 .......... 27
DAG 19 KOLOSSENSE 4:2-4 .......... 28
DAG 20 KOLOSSENSE 4:5+6 .......... 29
DAG 21 KOLOSSENSE 4:7-9 .......... 30
DAG 22 KOLOSSENSE 4:10+11 .......... 31
DAG 23 KOLOSSENSE 4:112-14 .......... 33
DAG 24 KOLOSSENSE 4:15-18 .......... 34

# 1. VOORWOORD DEUR DIE HANDLEIDINGSAMESTELLER

Hierdie *Handleiding vir die lees van Kolossense* is een van die resultate van my biddende bestudering van die Kolossense-brief die afgelope jare.

Die aanvanklike studie is gedoen met die oog op die verklaring van hierdie Brief tydens 24 eredienste van die Gereformeerde Kerk Frankfort van April tot November 1982. Daarna is kommentaar en aantekeninge van ds. Paul Krüger (die Gereformeerde Kerk Brackenhurst) en ds. Dries Coetzer (die Gereformeerde Kerk Vereeniging-Oos) bygewerk. Gedurende 1983 en 1984 is verskillende fasette van die Kolossense-brief met voor- en nagraadse studente aan die PU vir CHO behandel.

My bede vir elke gebruiker van hierdie *Handleiding* is soos Paulus s'n vir die Kolossense (Kol 1:9): "Ons vra God dat julle, daar al die wysheid en insig wat die Gees gee, tot volle kennis kan kom van wat sy wil is". Mag ons hemelse Vader hierdie handleiding – ten spyte van sy gebreke – hiertoe gebruik.

FIKA VAN RENSBURG

Potchefstroom Augustus 1984

# 2. VOORWOORD NAMENS DIE DEPUTATE JEUGSORG

Die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het in 1982 aan die Deputate Jeugsorg die opdrag gegee om aan die verskaffing van goeie geestelike lektuur vir ons kerklike jongmense aandag te gee. Die deputate het na 'n ondersoek verskeie behoeftes geïdentifiseer. Een behoefte wat volgens die deputate prioriteit moet geniet, is om leiding aan jongmense te bied sodat hulle met persoonlike Skrifstudie die Skrif konstruktief en opbouend kan lees.

Die deputate het gevolglik besluit om met 'n langtermyn produksieprogram van Bybelleesgidse te begin. Die biddende ideaal is om mettertyd 'n handleiding vir elke Bybelboek op te stel. Hierdie handleiding oor Kolossense is die eerste en ons vertrou dat dit van groot waarde gaan wees. Die doel van hierdie handleiding is om 'n bondige en eenvoudige kommentaar van die Bybelboek te wees met die nodige toespitsing op die jongmense en sy wêreld.

Die problematiek waarmee ons jongmense as Christen-gelowiges in hierdie laaste kwart van die twintigste eeu te kampe het, is ingewikkeld. Die uitdagings om as geankerde gelowiges koers te hou, is groot. Die bekende woorde van Psalm 119:105 bly onverswak waar: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad". Mag hierdie handleiding 'n helder soeklig wees wat die koers tot suiwere godsdiens en duidelike roepingswerk aandui.

Deputate Jeugsorg November 1984

## 3. RIGLYN VIR GEBRUIK

1. Hierdie handleiding is hoofsaaklik opgestel vir die gebruik tydens persoonlike Skrifstudie. Dit is egter ook geskik vir Bybelstudie in groepsverband en as 'n riglyn vir huisgodsdiens.
2. Die handleiding is 'n hulpmiddel om die Bybel met beter begrip te lees. Dit wil geen uitgebreide kommentaar wees wat in fyn besonderhede ingaan nie. Die handleiding bestaan uit 'n aantal ongedateerde dagstudies. Die ideaal is dat u as leser die dagstudies so ver moontlik opeenvolgend sal gebruik, om sodoende die eenheidslyn in die studie te volg.
3. Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983) is gebruik, alhoewel die ou vertaling ook as hulp gebruik kan word. Om u met die opsoek van Skrifgedeeltes behulpsaam te wees, is die bladsynommers van die 1983-vertaling in hakies gegee.
4. Elke dagstudie word in die volgende drie afdelings ingedeel:

   Oorsig: Onder "oorsig" word by elke dagstudie 'n tema-opskrif vir die betrokke Skrifgedeelte gegee. Daarna word die gedagte-opbou van die Skrifgedeelte skematies uiteengesit.

   Insig: Onder "insig" word die inhoud van die Skrifgedeelte verduidelik.

   Uitsig: Onder "uitsig" word aan u as leser 'n aantal vrae en ander Skrifgedeeltes gegee sodat u vanuit die betrokke Skrifgedeelte die regte uitsig op u eie lewe en ander Skrifgedeeltes kan kry. Dit is dus belangrik dat u oor die vrae sal besin en die aangeduide Skrifgedeeltes sal opsoek. Sodoende sal u hierdie handleiding se volle waarde benut.
5. Onder die uitsig-gedeelte is daar soms verwysings na Die Heidelbergse Kategismus, Die Dordtse Leerreëls en Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit is die drie belydenisskrifte wat u agter in u Psalmboek sal vind of in sekere katkisasie handboeke.
6. Daar is met die oog op Skrifverwysings van afkortings gebruik gemaak. Op die volgende wyse word na 'n Skrifgedeelte verwys:

   Lk 8: 12-13

   v. 12 (afkorting vir vers 12)

   vv. 12-13 (afkorting vir verse 12-13)

**Die volgende afkortings van Bybelboeke is gebruik:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gn | Genesis | Mt | Matteus |
| Eks | Eksodus | Mk | Markus |
| Lv | Levitikus | Lk | Lukas |
| Nm | Numeri | Jh | Johannes |
| Dt | Deuteronomium | Hd | Handelinge |
| Jos | Josua | Rm | Romeine |
| Rgt | Rigters | 1 Kor | Eerste Korintiërs |
| Rt | Rut | 2 Kor | Tweede Korintiërs |
| 1 Sm | Eerste Samuel | Gl | Galasiërs |
| 2 Sm | Tweede Samuel | Ef | Efesiërs |
| 1 Kn | Eerste Konings | Flp | Filippense |
| 2Kn | Tweede Konings | Kol | Kolossense |
| 1 Kr | Eerste Kronieke | 1 Ts | Eerste Tessalonisense |
| 2Kr | Tweede Kronieke | 2Ts | Tweede Tessalonisense |
| Esr | Esra | Tt | Titus |
| Neh | Nehemia | 1 Tm | Eerste Timoteus |
| Est | Ester | 2Tm | Tweede Timoteus |
| Jb | Job | Flm | Filemon |
| Ps | Psalms | Heb | Hebreërs |
| Spr | Spreuke | Jk | Jakobus |
| Pr | Prediker | 1 Pt | Eerste Petrus |
| Hgl | Hooglied | 2Pt | Tweede Petrus |
| Jes | Jesaja | 1 Jh | Eerste Johannes |
| Jer | Jeremia | 2 Jh | Tweede Johannes |
| Kl | Klaagliedere | 3 Jh | Derde Johannes |
| Esg | Esegiël | Jd | Judas |
| Dn | Daniël | Op | Openbaring |
| Hos | Hosea | | |
| Jl | Joël | | |
| Am | Amos | | |
| Ob | Obadja | | |
| Jon | Jona | | |
| Mig | Miga | | |
| Nah | Nahum | | |
| Hab | Habakuk | | |
| Sef | Sefanja | | |
| Hag | Haggai | | |
| Sag | Sagaria | | |
| Mal | Maleagi | | |

## DAG 1 KOLOSSENSE 1:1 + 2

## DIE SKRYWER

In die aanhef van die brief (v.1) is dit duidelik dat *Paulus, 'n apostel van Christus Jesus . . . en die broer Timoteus* die brief geskryf het.

### Die datum van die brief

Paulus skryf die brief waarskynlik teen die einde van sy eerste gevangenskap in Rome, ongeveer 62 of 63 n.C.

### Die geadresseerdes van die brief

Uit v.2 blyk dit dat hierdie brief gerig is aan *almal in Kolosse wat aan God behoort.* Die brief is dus gerig aan die gelowiges, die kerk in Kolosse. Blaai in jou Bybel na bladsy 178. Op hierdie bladsy verskyn 'n kaart wat Paulus se tweede en derde sendingreise aantoon. Kolosse was waarskynlik tussen Listra en Milete geleë. Paulus self was waarskynlik nooit daar nie, maar deur middel van Epafras (lees Kol 1:7) is die evangelie daar gevestig. Kolosse was maar 'n klein en onbelangrike dorpie, vol heidense praktyke en afgodediens.

### Die inhoud van die brief

Die gedagtegang van die brief is die volgende (merk die begin en einde van elke deel in jou Bybel):

| | |
|---|---|
| 1. Kol 1:1 + 2: | Die brief aanhef en seëngroet. |
| 2. Kol 1:3-2:5: | Paulus bevestig die feit van die verlossing van die gelowiges in Kolosse |
| 2.1 Kol 1:3-12: | Paulus se dankbaarheid oor hoe dit by die Kolossense gaan (vv. 3-8), en sy gevolglike gebed vir hulle (vv. 9-12). |
| 2.2 Kol 1:13-2:5: | Die Vader se handelinge word beskryf, eers sy handelinge met Paulus en Timoteus d.m.v. Christus (vv. 13-20), daarna die Kolossense se betrokkenheid by God se handelinge in Christus (vv. 21-23) en uiteindelik Paulus se instrumentale rol in God se handelinge met die Kolossense (1:24-2:5). |
| 3. Kol 2:6-4:6: | Paulus gee bepaalde opdragte aan die Kolossense. |
| 3.1 Kol 2:6-23: | Op grond van die voorafgaande sê Paulus dat die Kolossense in verbondenheid met Christus Jesus moet leef. |
| 3.2 Kol 3:1-4:6: | Hulle moet "strewe na die dinge daarbo waar Christus is" (3:1). Hierdie teoretiese stelling word opgevolg van 3:5-4:6 met praktiese opdragte vir die lewe van elke dag. |
| 4. Kol 4:7-18: | Slot en seëngroet. |

Die saak waaroor dié brief handel word saamgevat deur twee versgedeeltes:

*Christus is in jou (1:27); Leef daarom nóú die lewe van die nuwe mens (3:10).* 'n Gelowige mag nie vassteek by 'n belydenis van sy geloof in Christus nie. Hierdie *belydenis* moet 'n *belewenis* word; jou lewe moet *wys* wat jy glo. In alles wat jy sê en doen, moet dit blyk!

***Gebedsriglyne:*** *• Lees Jh 16:13a (p.147). Vra ons Vader in die Naam van ons Here Jesus dat jy die waar-wording van hierdie beloftes sal ervaar in jou bestudering van Kolossense.*

• Dank God vir die voorreg om die Bybel te *mag* bestudeer, en dit in jou moedertaal.

# DAG 2 KOLOSSENSE 1:3-8

### JOU LEWE MÓÉT WYS DAT JY GOD SE GENADE KÉN

**OORSIG**

| Verse 3 + 4 | Vers 5 | Vers 6 | Verse 7 + 8 |
|---|---|---|---|
| Paulus dank God vir die Kolossense se geloof en liefde | Hoop is die grond van die Kolossense se geloof en liefde | Wanneer die genade van God regtig leer ken word, bring die evangelie vrug voort en versprei dit | Die Here het Epafras as instrument gebruik |

**INSIG**

Verse 1-8 van hierdie eerste hoofstuk van Paulus se brief aan die Kolossense het 'n inleidingsfunksie. Alles is nie pluis in die kerk op Kolosse nie, maar in sy liefdesdiplomasie val Paulus nie weg met die gebreke nie. In die eerste hoofstukke en veral in hierdie eerste agt verse laat hy die klem val op die Kolossense se "sterkpunte".

Dit is baie opvallend dat Paulus nie die *Kolossense* prys vir die mooi dinge waarvan hy via Epafras verneem het nie. Hy dank *God* daarvoor (lees weer v.3). Reeds hierin openbaar God iets aan ons: Wanneer jy iets goeds raaksien by 'n vriend of vriendin, moenie in een van twee uiterstes verval deur òf die persoon te prys en op te hemel, òf glad nie te laat blyk dat jy die "iets goeds" raaksien nie. Wat jy wel moet doen is om Gód daarvoor te dank, EN JOU DANK TEENOOR GOD OOK AAN DIE BETROKKE PERSOON BEKEND TE MAAK.

Paulus het via Epafras verneem van die gelowiges in Kolosse se *geloof in Christus Jesus* en hulle *liefde vir die gelowiges* (v.4). Daar is 'n baie noue verband tussen v.4 en v.6. In v.6 skryf Paulus dat die evangelie by die Kolossense *vrug voortbring* en *verder versprei.* Hierdie *vrug* is *geloof in Christus Jesus* en *liefde vir al die gelowiges.* Met *verder versprei* bedoel Paulus dat die Kolossense, nadat hulle "van die genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is" (v.6), nou self draers geword het van hierdie goeie nuus van God se groot genade. Met hierdie woorde van Paulus openbaar God aan ons dat, wanneer iemand die genade van God reg gehoor het en regtig leer ken het, dan móét die evangelie in sodanige persoon vrug dra en deur middel van hom verder versprei, uitgedra word. 'n Kind van God kan nie maar die evangelie (God se genade) hoor, en koud en passief bly nie. Nee! Die hoor en leer ken van die genade van God dóén iets aan jou en dit láát jou iets doen. Só – deur die hoor – wek die Gees die liefde in mens.

Die *geloof in Christus Jesus* en *liefde vir al die gelowiges* hang egter nie in die lug nie. Lees weer v.5. Let op dat hierdie geloof en liefde 'n stewige basis het, nl. die *hoop. Hoop* beteken: die vaste verwagting dat God sál doen wat Hy in die Bybel belowe. Om maar een sodanige belofte te noem: "Wie in Christus Jesus glo, word nie veroordeel nie" (Jh 3:18).

**UITSIG**

- Wat verstaan jy onder *liefdesdiplomasie?*

- Watter beginsels vir liefdesdiplomasie kan jy uit Kol 1:3-8 aflei?
- Sou jy sê dat ook jy die genade van God gehoor en leer ken het soos dit werklik is? Dan moet die vrugdra dit laat blyk! Dan moet die uitdra dit laat blyk.

  Blyk dit in jou lewe?

  Lees die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 60.

***Gebedsriglyne:*** • Bid dat God deur sy Gees met die Bybel duidelik vir jou sal wys in watter opsigte jou lewe nie *wys* dat jy God se genade regtig leer ken het nie.

## DAG 3 KOLOSSENSE 1:9-12

### JY MOET REG WEET, MAAR OOK REG DOEN

**OORSIG**

| Verse 9a | Vers 9b | Vers 10a | Vers 10b-12 |
|---|---|---|---|
| Paulus stel die feit van hulle onophoudelike voorbidding vir die Kolossense | Die inhoud van die gebed: Volle kennis van God se wil. | Die gevolg van dié kennis: Tot eer van die Here lewe deur net te doen wat hy verlang | Die gevolge van 'n lewe tot eer van die Here. |

**INSIG**

Die goeie nuus wat Paulus-hulle van Epafras gekry het (v.4 en v.8), het nie veroorsaak dat Paulus opgehou het om vir die gelowiges in Kolosse te bid nie. Inteendeel, juis daarom hou hy nie op om vir hulle te bid nie (v.9a). In die tweede gedeelte van v. 9 *noem Paulus die inhoud* van sy voorbidding: Dat die Kolossense tot volle kennis sal kom van wat God se wil is. Die uitdrukking *God se wil* beteken hier nie God se beskikkingswil (sy voorsienigheid) nie, maar sy bevelswil: Hoe God wil hê dat jy jou lewe van elke dag moet inrig, hoe Hy wil hê dat jou verhouding met Hom, met jouself en met ander mense moet wees. Al die dinge wat God wil hê, het Hy in die Bybel laat neerskryf. Dit is dus die plek waar jy moet gaan soek na die wil van God. Slegs deur volgehoue sistematiese en gereelde Skrifstudie en gebed sal jy tot *volle kennis* van God se wil kom.

Uit v.9 blyk ook die wyse waarop hierdie *volle kennis* van wat God wil hê, tot stand kom: Deur al die wysheid en insig wat die Gees gee.

As 'n mens die Bybel sou bestudeer sonder die wysheid en insig wat die Heilige Gees gee, het dit geen geestelike betekenis nie. Selfs al ken jy groot dele van die Bybel uit jou kop en die Heilige Gees gee jou nie insig daarin nie, het dit geen betekenis nie.

In die eerste gedeelte van v. 10 stel Paulus meer spesifiek wat dit is wat hy in v.9 bid. 'n Mens sou eintlik kon sê dat in v. 10a gemeld word wat die gevolg is as God die gebed van v.9 verhoor: *Hulle sal tot eer van die Here lewe deur net te doen wat Hy verlang.* Al druis die opdragte wat God vir jou lewe gee, dwars in teen elke grein in jou, dan moet jy jou wil kruisig, en doen wat Gód wil hê.

Van v.10 tot v.12 stel Paulus nou wat die gevolg is as jy die vaste voorneme het om net te doen wat die Here wil hê:

- Jy sal vrugte dra deur goeie werke (v.10b).
- Jy sal God al beter leer ken (v.10c).
- Jy sal ervaar hoe God jou krag gee om in alle omstandighede te volhard (v.11).
- Jy sal met blydskap vir God dankie sê, omdat jy weet dat God ook jou as gelowige geskik gemaak het vir die erfenis wat Hy vir jou beskik het (v.12).

**UITSIG**

- Ons as gelowiges roem dikwels daarop dat ons 'n baie hoë premie stel op leersuiwerheid, d.w.s. om die wil van God presies te ken. Uit Kol 1:9-12 blyk dit nou dat sulke leersuiwerheid noodwendig moet uitmond in leersuiwerheid.
- Oordink: Watter gewoontes en/of standpunte het ek wat nie te rym is met wat God wil hê nie! Hoe kan ek nog groter erns maak met my poging om tot volle kennis te kom van wat God verlang? Lees ook Jh 16:13 (p. 147) en Jh 5:14+15 (p. 321).
- Lees die volgende Skrifgedeelte: Heb 10: 26-31 (p. 296).

***Gebedsriglyne:*** • Vra ons hemelse Vader om deur die Heilige Gees met die Bybel jou te laat verstaan wat Hy wil hê, en om jou in staat te stel om 'n plan van aksie uit te werk om sy wil in jou lewe praktyk te maak.

## DAG 4 KOLOSSENSE 1:13-20

**DIE MAG VAN DIE DUISTERNIS HET GEEN HOUVAS OP JOU NIE!**

**OORSIG**

| Vers 13 | Vers 14 | Vers 15-17 | Vers 18a | Vers 18b-20 |
|---|---|---|---|---|
| God het Paulus-hulle uit die mag van die duister-nis weggeruk en onder die heer-skappy gestel van sy Seun. | 1ste saak i.v.m. Seun: Hy is die Verlossings-middelaar. | 2de saak i.v.m. Seun: Hy is die beeld van God. | 3de saak i.v.m. Seun: Hy is die Hoof van die kerk. | 4de saak i.v.m. Seun: Hy het uit die dood op-gestaan. |

**INSIG**

Paulus skryf hier (v.13) in die eerste plek van homself en Timoteus. Eers in v.21 skryf Paulus "Ook *julle* was voorheen ver van God . . ." Paulus laat dus die klem hier val op wat God met hom en Timoteus gedoen het. Maar wat Paulus hier skryf, geld van elke kind van God. Die mag van die duisternis het geen houvas op jou nie! Dit is wat ons Here openbaar met wat Hy Paulus in hierdie verse laat skryf het. Ja – die Vader het sy kinders aan die mag van die duisternis ontruk en hulle onder die heerskappy van sy Seun gestel. En jy is immers kind van God.

Nadat Paulus die stelling in v.13 gemaak het, word hy self só deur die wonderlikheid van die genade van God aangegryp dat hy in vv. 14-20 in 'n loflied oor die Seun uitbreek. Verse 14-20 is 'n gedig of 'n lied. In hierdie lied besing Paulus vier sake in verband met die Seun:

- Die eerste saak in verband met die Seun staan in v.14. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, en hierdie verlossing hou onder andere in dat ons sondes deur God vergewe is.
- Die tweede saak in verband met die Seun kom in vv. 15-17 aan die orde: Hy is die beeld van God. In Jesus het God sigbaar geword; Jesus is as't ware 'n bekendmaking van God (Jh 1:18). Só word die onsigbare God sigbaar! Die Seun is egter nie net die beeld van God nie: Hy is ook die Eerste, dit wil sê, die Een wat verhewe is bo die hele skepping. Die redes vir hierdie stelling staan in vv. 16+17: *Deur middel van Hom* het God *alles* geskep. (v.16) (lees ook Jh 1:3), *vir Hom* het God alles geskep (v.16, laaste reël), *Hy* het voor alles reeds bestaan (v.l7a) (lees ook Jh 1:1+2), en *deur Hom* bly alles in stand (v. 17b).
- Die derde saak stel Paulus in die eerste twee reëls van vers 1: Jesus Christus die Hoof van sy Kerk. (Lees ook Ef 4:11-16).
- Die vierde saak stel Paulus in die res van v.18: dat Jesus ook om 'n ander rede die Eerste is: Hy is die Een van uit die dood opgestaan het, en daarom neem hy die eerste plek in die heelal in. Dit gebeur *omdat* God besluit het om met sy volle wese in die Seun te woon (v.19) en omdat God besluit het om *alles en almal* met Homself te versoen deur die bloed van sy Seun (v.20) (Lees ook Heb 10:19).

**UITSIG**

- God het jou met hierdie verse die versekering gegee dat Hy jou uitgeruk het uit die mag van die duisternis en onder die heerskappy van sy Seun gestel het. Wat behoort 'n mens se ingesteldheid te wees teenoor die mag van die duisternis wat jy tog nog in jou lewe ervaar, bv. dinge soos die feit dat jy dinge wil sê en doen wat nie God se goedkeuring wegdra nie, of siekte, of geldkommer, of skinderveldtogte, of die dood van 'n geliefde.

Lees Rm 8:28 (p. 207) en 2 Kor 12: 7b-10 (p.242).

***Gebedsriglyne:*** • Dank God vir die feit dat jy ontruk is aan die mag van die duisternis, vra dat jy dit ook in jóú lewe sal raaksien. Loof en bely die heerlikheid van ons Here Jesus Christus.

## DAG 5 KOLOSSENSE 1:21-23

**GOD HET OOK JÓÚ MET HOMSELF VERSOEN**

**OORSIG**

| Vers 21 | Vers 22a | Vers 22b | Vers 22c | Vers 23 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Julle gesteldheid voor versoening met God. | Die feit van julle versoening word gestel. | Die wyse van julle versoening: Deurdat sy Seun as mens sterf. | Die doel van julle versoening Om julle heilig voor Hom te stel. | Die noodwendige implikasie van julle versoening: Julle bly op Hom vertrou . . . |

**INSIG**

In die voorafgaande gedeelte (vv. 13-20) het Paulus sy blydskap uitgesing oor wat God aan hulle (Paulus-hulle) gedoen het. Paulus begin v.21 en v.22 met *ook julle.* Hy toon nou aan dat ook *die Kolossense* deur God met Homself versoen is. Hierdie *julle* slaan op die eerste lesers van die brief (die Kolossense) en ook op ons vandag.

In v. 21 skets Paulus eers die Kolossense se (en dus ook ons) gesteldheid voordat God ons met Homself versoen het: 'n Mens se sondige leefwyse wys nie alleen dat jy ver van God af is nie, maar ook dat jy vyandiggesind teenoor Hom is. Sodanige persoon wil nie doen wat God wil hê nie; hy het niks oor vir God se saak nie. God se oordeel en straf op sodanige houding is duidelik: Hierdie persoon is skuldig voor God. God is 'n regverdige Regter wat skuld nie sommer kwytskeld nie; Hy eis betaling. Geen mens kan egter aan hierdie eis voldoen nie. As dit dus van ons afgehang het, sou daar nooit enige versoening met God kon wees nie. Ons sou moes betaal. . . met die ewige dood.

God het egter - net omdat Hy wou - ons met Homself versoen (v.22a). Die wyse waarop God hierdie versoening bewerk het, staan in v.22b:". . . deurdat sy Seun as mens gesterwe het". God het self die Betaler voorsien. Jesus Christus moes die ewige dood in, in jou plek, d.w.s. sodat jy nie hoef nie. Omdat Christus self God is, kon Hy sy lewe weer opneem en gee Hy dié lewe as gratis geskenk aan jou. Christus moes nie maar net *sterf* nie, maar Hy moes juis *as mens sterf.* Die sonde het deur 'n mens (Adam en jy) die wêreld ingekom: die straf daarop word nou gedra deur Jesus *as mens.* Lees in hierdie verband Rm 5:17 (p.203.).

God se doel met hierdie versoening staan aan die einde van v.22: "... om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel". En God dóén wat Hy Hom te doel stel?

As jy sê dat God ook jou met Hom versoen het, dan moet jou lewenswyse dit wys. 'n Mens kan dit ook andersom stel: Die noodwendige implikasie van jou versoening met God staan in v.23. Jy moet vas en sterk bly staan in die geloof, wat inhou dat jy jou nie moet laat losruk van die hoop, die seker verwagting (vgl. v.5) dat God dit wat Hy in die Bybel belowe, sál waar maak in jou eie lewe nie.

**UITSIG**

- Kan jy dinge in jou lewe noem (na aanleiding van v.21) wat dalk wys dat jy nog ver van God is, en vyandiggesind teenoor Hom is?
- Watter dinge in jou verlede kom onder die loep in v.21?
- Lees die Heidelbergse Kategismus, vrae en antwoorde 12 tot 18.

***Gebedsriglyne:*** • Vra ons Vader dat Hy jou deur die Gees met die Bybel steeds meer en meer sal oortuig dat Hy ook jóú met Hom versoen het. Vra Hom om aan jou te openbaar in watter opsigte jy tans nie die opdrag in vers 23a uitvoer nie.

## DAG 6 KOLOSSENSE 1:24+25

**JOU LYDING VERHAAS DIE TERUGKEER VAN CHRISTUS**

**OORSIG**

| Vers 24a | Vers 24b | Vers 25 |
|---|---|---|
| Paulus se blydskap oor sy lyding ter wille van die Kolossense. | Die rede vir Paulus se blydskap: Die ontbrekende verdrukkings van Christus t.w.v. die kerk word aangevul | Paulus vermeld dat hy in opdrag van God dienaar van die Kerk geword het, en wat die inhoud van die opdrag is. |

**INSIG**

Paulus maak in v.24 'n onverstaanbare stelling: "Ek is nou bly oor al die lyding wat ek terwille van julle moet verduur!" Onwillekeurig kom die vraag by 'n mens op: Hoe is dit moontlik om bly te wees oor lyding? Paulus gee self die rede vir sy blydskap (v.24b): Hy is besig om sy deel van die vervolging van Christus te verduur, of anders gestel: Deur vir die Kolossense te ly, maak Paulus 'n aanvulling aan die ontbrekende verdrukkings van Christus.

Dit klink onmoontlik dat 'n mens verdrukkings van Christus kan aanvul. Hierdie verdrukkings dui egter nie op Christus se versoenende plek-innemende lyding nie. Dit dui op verdrukkings/vervolgings *ter wille van* Christus. So staan daar bv. in Rm 8:17 dat ons deel het aan Christus se lyding.

Maar ook hiermee is nog nie die volle rede vir Paulus se *blydskap* verklaar nie. Paulus sê dat hy met sy lyding 'n aanvulling maak aan die *ontbrekende* verdrukkings van Christus. Hieruit moet 'n mens aflei dat daar 'n bepaalde mate van verdrukkings van Christus is wat vol moet word. Paulus is bly oor sy lyding, want so het hy sy deel van hierdie verdrukkings/vervolgings verduur. So – per implikasie – word die terugkeer van Christus verhaas, want Christus keer nie terug voordat al die bepaalde lyding verduur is nie.

Uit v. 25 word dit duidelik dat Paulus nie lyding in die algemeen bedoel nie, maar lyding ter wille van die kerk, lyding a.g.v. sy dienswerk aan die kerk, lyding wat hy verduur omdat hy God se opdrag (om God se Woord ten volle aan die Kolossense bekend te maak) uitvoer.

Hiermee openbaar God aan jou dat jy, wanneer jy ter wille van medegelowiges ly, jy jou in hierdie lyding kan verbly. God het immers die hoeveelheid verdrukkings vanweë Christus vasgestel en hierdie hoeveelheid móét volgemaak word vóór die terugkeer van Christus. Jóú lyding dra by dat die orige van hierdie verdrukkings verminder word, en verhaas só die terugkeer van Christus. Jy het dus alle rede om bly te wees wanneer jy ly omdat jy doen wat God wil hê.

**UITSIG**

- Kan jy aan gevalle dink waar jy weggeskram het om te doen wat God wil hê, omdat jy bang was vir die gevolge as jy sou doen of sê wat God van jou verwag?
- Lees 2 Kor 11:16-29 (p. 241) waar Paulus skryf van sy lyding t.w.v. gelowiges.

***Gebedsriglyne:*** • Vra ons Vader in die hemel dat Hy jou 'n oop oog gee vir die dienswerk wat Hy aan jou in jou gemeente opdra.

• Vra vir krag om lyding as gevolg van die uitvoering van God se opdragte, te kan verduur.

## DAG 7 KOLOSSENSE 1:25-27

**CHRISTUS IS IN JOU!**

**OORSIG**

| Vers 25 | Vers26 + 27a | Vers 27a |
|---|---|---|
| Paulus se dienswerk in Kolosse: Om God se Woord bekend te maak | Die sentrale inhoud van die Woord is 'n geheimenis | Die inhoud van die geheimenis is die feit dat Christus in jou is |

**INSIG**

Paulus het van die Here die opdrag gehad om Sy Woord ten volle aan die Kolossense bekend te maak (v.25). Paulus tipeer hier die sentrale inhoud van die Woord van God as 'n geheimenis (v.26). Hierdie geheimenis was eeue en geslagte lank verborge, en dit sou verborge gebly het as God dit nie aan die mense wat aan Hom behoort, geopenbaar het nie.

Hierdie geheimenis is egter nie net vir die Jode nie, maar ook vir die ander nasies. Ook vir die nie-Jode is dit seënryk en heerlik. In Ef 3:6 staan in verband met hierdie geheimenis: "Deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het."

Die inhoud van hierdie *geheimenis* wat nie net vir Jode bedoel is nie, maar vir almal wat die weldaad van Christus met 'n gelowige hart aanneem, is: "Christus is in jou!" 'n Mens huiwer om die volle konsekwensie van hierdie woorde te deurdink. Christus is IN *my\?* Ja, Christus is in jou. Lees eers Rm 8:9-11 (p. 206). Hieruit blyk dit dat Christus deur die Heilige Gees in jou woon. Christus se hemelvaart het dus nie 'n skeiding tussen Hom en ons gebring nie. Die verhouding tussen Hom en ons het eerder intiemer geword: Tydens sy bediening op aarde was Hy maar *tussen* die mense, maar nou – na hemelvaart en pinkster – is Hy in ons.

Hierdie inwoning van Christus is ons hoop op die heerlikheid (v. 27b). Is dit nie wonderlik nie!? Christus *self* is jou hoop op die heerlikheid, nie maar net *iets* wat Hy gee nie. Hyself. . . in jou! Christus is in jou én Hy is by God; daarom kan jy weet dat ook jy "sonder smet en onberispelik" (v. 22) voor God sal verskyn. Deur die Gees oortuig Hy jou dat jy kind van God is (Rm 8:16). Hierdie heerlikheid is egter nie maar net iets vir *eendag* nie, maar reeds in hierdie lewe moet dit werklikheid begin word. Ons moet tot geestelike volwassenheid in Christus kom (v.28). Maar daaroor in dagstuk 8 meer.

**UITSIG**

- Ervaar jý die inwoning van Christus? Lees Rm 8:12-18 (p. 206) voor jy die vraag antwoord.
- Lees Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 47.

***Gebedsriglyne:*** Vra ons Vader dat jy dit sal regkry om hierdie "geheimenis" nie te probeer

reserveer vir jouself en "ons mense" nie. Vra dat jou lewe sal wys: *Christus is in my!* en dat jy daarom nie twyfel oor jou ewige bestemming nie.

## DAG 8 KOLOSSENSE 1:28+29

### DEUR WOORD-VERKONDIGING KOM JY TOT GEESTELIKE VOLWASSENHEID

**OORSIG**

| Vers 28a | Vers 28b | Vers 28c | Vers 29 |
|---|---|---|---|
| Die inhoud van Paulus se verkondiging is Christus | Die wyse van verkondiging: Mense met wysheid leer en onderrig | Doel van die verkondiging: Om elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus te bring | Paulus se perspirasie en inspirasie in die verkondiging |

**INSIG**

In v.28 stel Paulus onomwonde dat Christus die inhoud van sy verkondiging is. Die wyse waarop hy sy verkondigingswerk doen word ook in v.28 gestel. Die verkondiging is nie maar sommer 'n bontpratery nie, maar bestaan uit *onderrig* en *leer.* Hiermee sê Paulus dat sy verkondiging nie maar geestelike praatjies is waartydens die hoorders weggevoer word op 'n geestelike plesierrit nie. Inteendeel, hy wou daardeur sy hoorders iets aan die verstand bring.

Hierdie *onderrig* en *leer* het nie sommer lukraak geskied nie, maar is afgestem op 'n baie spesifieke doel, nl.: "sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring." Met jou geestelike lewe gaan dit soms soos met jou natuurlike lewe: Na jou geboorte was jy swak, kon jy nog niks self doen nie en moes jy melkkos kry. Deur die regte voeding het jy egter al sterker geword; naderhand kan jy kruip, naderhand loop, ens. So gaan dit ook met jou geestelike lewe. Wanneer jy bewus word van jou weergeborenheid (d.w.s. van die feit dat jy kind van God is) is jy - in geestelike sin - 'n pasgebore babatjie, 'n onvolwasse kind in Christus. Wanneer jy die regte geestelike kos kry, wanneer jy die geestelike dieet van die Heilige Gees volg, dan groei jy stelselmatig tot die volwassenheid van Christus. Die dieet van die Heilige Gees is die Woord. Daarom is Woord-verkondiging so belangrik. Dit is die wyse waarop God jou tot geestelike volwassenheid bring.

Paulus sê vervolgens in v.29 hoe hy hom inspan en beywer in hierdie verkondiging. Hy sê egter dat hy dit nie in sy eie krag doen nie, maar met die krag wat Christus gee en wat kragtig in hom werk. Ook hier is dit duidelik dat perspirasie (sweet en harde werk) en inspirasie (leiding en motivering deur God) hand aan hand gaan. Die feit dat jy weet dat dit eintlik God is wat mense tot geestelike volwassenheid in Christus bring, laat jou nie rustig agteroor sit nie. Juis te meer klim jy in en werk, want jy besef dat God jou as instrument wil gebruik.

**UITSIG**

- Lees Heb 5:11-14 (p. 292). Dink jy dat jou geestelike spysverteringstelsel al by die melkkosstadium verby is?
- Is die Woord-verkondiging in jou gemeente só dat jy ervaar dat jy daardeur tot

geestelike volwassenheid gebring word?

Indien nie moet jy saam met jou predikant die fout gaan soek.

***Gebedsriglyne:*** • Vra dat die Here vir jou moet wys hoe jy daaraan moet meewerk dat die Woord-verkondiging in jou gemeente ook op hierdie peil moet kom.

• Vra dat jyself steeds meer en meer geestelik volwasse word.

## DAG 9 KOLOSSENSE 2:1-5

**GOD BEMOEDIG JOU D.M.V. MEDE-GELOWIGES**

**OORSIG**

| Vers 1 | Vers 2 + 3 | Vers 4 | Vers 5 |
|---|---|---|---|
| Paulus vermeld sy beywering vir die gelowiges | Paulus se doel met dié beywering | Paulus se doel met die bekendmaking van sy beywering | Paulus motiveer waarom v.4 se doel I deur die bekend-making bereik word |

**INSIG**

Aan die einde van die vorige gedeelte (in v.29) het Paulus geskryf hoe hy hom inspan en beywer vir die Kolossense. In hfst 2:1-5 word dit nou duidelik dat hierdie woorde nie maar 'n bedekte manier is om sy eie stert te prys nie. In hfst. 2:1 sê Paulus dat hy juis wil hê die Kolossense en ander gelowiges moet weet hoe sterk hy hom vir hulle beywer. In *DAG* 6 het jy opdrag gehad om 2 Kor 11: 16-29 te lees, waar Paulus skryf van al sy swaarkry t.w.v. die gelowiges van sy tyd. Kyk weer vinnig na dié Skrifgedeelte.

In v.2. blyk Paulus se spesifieke doel met hierdie beywering:". . . dat hulle bemoedig moet word." En hoe word 'n mens nie bemoedig as jy weet dat iemand besig is om *ter wille van jou* hard te werk, min te slaap, lang ure bid, mishandel word, beskinder word, onder verdenking kom, ens! Hierdie doel word egter net bereik wanneer gelowiges in liefde aan mekaar verbind is en *saam* strewe na diep en volledige insig. God gebruik nie net medegelowiges se ywer t.w.v. jou om jou te bemoedig nie, maar ook julle onderlinge verbondenheid. Daarom moet jy uit jou pad gaan om jou verbondenheid aan jou medegelowiges te *beleef en uit te leef.* Só – sê Paulus in v.2 -sal jy God se geheimenis, nl. Christus, kan ken. En . . . as jy Christus ken, het jy wysheid en kennis, want in Christus is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind (v.3).

Paulus sê in v.4 dat hy dit nodig ag om sy ywer vir die Kolossense te beklemtoon, want daar was mense wat met valse redenasies die Kolossense wou mislei. Uit v.5 lei 'n mens af dat hulle waarskynlik vir die Kolossense gesê het dat by Paulus 'n gesindheid is van "uit die oog, uit die hart". Nou gee Paulus hulle die versekering dat hy in die gees by hulle is; daarvan is sy ywer vir hulle 'n bewys.

**UITSIG**

- Dink jy dat God ook jou gebruik om mede-gelowiges te bemoedig? Kan jy voorbeelde van jou swaarkry vir medegelowiges noem?
- Op watter wyses leef jy tans jou verbondenheid aan mede-gelowiges uit? Watter

ander wyses dink jy behoort jy nog te ontgin?

- Lees en bestudeer Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 55.

***Gebedsriglyne:*** • Dank die Here vir die mense wat so hard werk ter wille van jou.

• Vra dat die Here jou duidelik wys waar Hy jou t.w.v. medegelowiges wil gebruik.

## DAG 10 KOLOSSENSE 2:6+7, 8-15

**LÉÉF IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS JESUS (a)**

**OORSIG**

| Verse 6+7 | Vers8 | Vers9 | Verse 10-12 | Verse 13-15 |
|---|---|---|---|---|
| Die opdrag: Lééf in verbondenheid met Christus | Die gevolglike opdrag: Moenie van Christus af weggevoer word nie | Rede nr. 1 vir die opdrag: God is *in Hóm* | Rede nr. 2 vir die opdrag: In verbondenheid *met Hóm* deel julle in sy volheid | Rede nr. 3 vir die opdrag: God het julle *saam met Hóm* lewend gemaak |

**INSIG**

Verse 6 + 7 vorm die basis vir vv. 8-15, en vir vv. 16-23 (laasgenoemde kom eers in DAG 11 aan die orde). Paulus sê in vers 6 dat 'n mens nie maar net kan bly by *aanneem van Christus* nie. 'n Noodwendige gevolg is dat jy, nadat jy Christus Jesus as Here aangeneem het, ook in verbondenheid met Hom moet LEEF. Dit beteken dat die aanneming van Christus as Here nie net 'n teoretiese verstandelike saak is nie, maar dat jou LEEFWYSE moet toon dat jy Hom as Here aangeneem het.

In v.8 noem Paulus 'n saak wat dreig om die Kolossense (en jou!) weg te voer van Christus, en só hulle *in verbondenheid met Christus leef* bedreig. Hierdie saak is: Mense wat met misleidende teorieë en argumente gelowiges se wortel in Christus wil deursny. Hierdie teorieë en argumente is "dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie" (v.8b). Hierdie oorlewering van mense en wettiese godsdienstige reëls is nie noodwendig op sigself verkeerd nie. Dit word egter verkeerd as daarvan beginsels gemaak word, as dit in die plek van Christus te staan kom. Dink maar aan die oordrewe belangrikheid wat party mense (dalk ook jy!) aan kleredragmodes in die erediens gee, bv. dat dit sonde sou wees as 'n mans sonder 'n baadjie sou deelneem aan 'n erediens. So slaag die Satan daarin om mense te laat wegvoer van Christus af.

En jy mag nie weggevoer word van Christus af nie, sê die Here deur Paulus, vanweë die volgende drie redes:

V.9: God is op geen ander plek as in Christus te vind nie. Dus - net as jy in verbondenheid met Christus leef, is jy by God.

Vv. 10-12: Net wanneer jy verbind is *aan Christus deel* jy aan sy volheid. Daar is geen ander wyse waarop daardie volheid jou deel kan word nie. Lees vv. 10-12 weer, en besef watter volheid jóú deel word.

Vv. 13-15: God het jou nie op jou eentjie lewend gemaak nie, maar *saam met Christus.* Lees v.v. 13-15 en besef wat dit beteken.

**UITSIG**

- Watter ander voorbeelde (naas die baadjie-voorbeeld) kan jy noem as voorbeelde van misleidende teorieë en argumente.
- Hoe sal jy met mense omgaan wat die oorlewering van mense en wettiese godsdienstige reëls belangriker as Christus ag, en hulle standpunt op jou probeer afdwing.

***Gebedsriglyne:*** • Dank God dat jy in verbondenheid met Christus *mag* leef.

• Vra God dat Hy jou oë deur die Gees met die Bybel sal oopmaak vir teorieë en argumente wat jou van Christus af wil wegvoer.

## DAG 11 KOLOSSENSE 2:6+7, 16-23

**LÉÉF IN VERBONDENHEID MET CHRISTUS JESUS(b)**

***OORSIG***

<table>
<tr><th>Verse 6 + 7</th><th colspan="3">Verse 16-23</th></tr>
<tr><td rowspan="3">Die opdrag: Leef in verbondenheid met Christus</td><td colspan="3">Moenie dat mense jou lewe met moets en moenies voorskryf nie.</td></tr>
<tr><td>Verse 16 + 17</td><td>Verse 18+19</td><td>Verse 20-23</td></tr>
<tr><td>Moets en moenies t.o.v. eet en drink, en godsdienstige gewoontes</td><td>Hoe 'n misleier in hierdie verband te werk gaan en homself ontbloot</td><td>Moets en moenies ten opsigte van lewenswyse</td></tr>
</table>

**INSIG**

Lees weer vv. 6 + 7 en die eerste paragraaf van die insig-gedeelte by DAG 10.

In vv. 16-23 noem Paulus nou 'n tweede groep sake wat dreig om jou verbondenheid aan Christus te verbreek, en dit is die feit dat 'n mens toelaat dat mense jou lewenswyse met allerhande moets en moenies voorskryf.

Paulus verbied in v.17 dat die Kolossense toelaat dat iemand vir hulle voorskryf wat hulle moet eet en drink aan die een kant, en aan die ander kant in verband met godsdienstige gewoontes (die viering van jaarlikse feeste, nuwemaansfees en die sabbatsdag). Mense wat oor hierdie sake met moets en moenies 'n gelowige se lewe reguleer, maak een groot fout: hulle ken belangrikheid toe aan sake wat nie *opsigself* belangrik is nie. Anders gestel: hulle maak van dinge beginsels wat nie beginsels is nie. As jy *hierdie dinge* vasgryp - sê die Here deur Paulus - dan is jy nie met Christus besig nie (v.17).

In vv. 20-23 gaan Paulus voort met hierdie redenasie: Wettiese godsdienstige reëls mag nie meer die alles-beplande en deurslaggewende in jou godsdienstige belewing wees nie. Jy het immers saam met Christus gesterf, en daarom mag 'n mens nie lewe asof jy aan hierdie

wêreld behoort nie. Gebooie en leerstellings van mense kan dalk nuttig wees, maar dit bly *van mense* (v.22b). Voorskrifte soos "Hieraan mag jy nie vat nie!", "Daaraan mag jy nie mond sit nie!" en "Daaraan mag jy nie raak nie!" (v.21) het wel 'n skyn van wysheid. Mense wat voorstanders daarvan is, lyk nederig en dit lyk asof hulle hulle liggame streng beheers (v.23a), maar - vir die beteueling van sondige drifte het dit geen waarde nie (v.23b). (Hoe 'n mens jou sondige drifte wel effektief moet beteuel, gaan in die volgende dagstukke aan die orde kom).

In vv. 18 + 19 verduidelik Paulus hoe misleiers in bogenoemde verband te werk gaan (v.18) en hoe hulle hulleself ontbloot (v.19).

**UITSIG**

- Lees Rm 14:1-12 (p. 212).
- Is daar dalk dinge waaraan ook jy 'n te belangrike plek toeken, sodat jy skuldig is daaraan dat jy beginselsake maak van sake wat onbelangrik is?

*Gebedsriglyne:* • Dank ons Vader vir hierdie bevrydende openbaring.

• Vra dat Hy jou sal wys watter standpunte in jou lewe jy nie op ander mag afdwing nie, en aan watter voorskrifte van ander jy jou nie hoef te steur nie.

## DAG 12 KOLOSSENSE 3:1-4

### IN JOU VERSIER MOET DIE HEMEL WEES

**OORSIG**

| Verse 1b + 2 | Vers 1a | Vers 3a | Vers 3b | Vers 4 |
|---|---|---|---|---|
| Die opdrag: Strewe na en rig julle gedagtes op dié dinge daarbo | Rede 1): Julle is saam met: Christus uit die dood opgewek | Rede 2): Julle het gesterwe | Rede 3): Julle lewe is saam met Christus verborge in God | Rede 4): Julle sal saam met Christus in heerlikheid verskyn |

**INSIG**

In Kol 2: 6 + 7 het Paulus gesê dat ons *in verbondenheid met Christus Jesus* moet lewe. In vv. 8-15 en 16-23 het hy twee groepe sake genoem wat ons verbondenheid met Christus bedreig. Nou (in Kol 3:1-4 en verder) openbaar die Here deur Paulus wat dit beteken om *in verbondenheid met Christus te lewe.* In kort kom dit hierop neer: In jou versier moet die hemel wees, of soos Paulus dit stel in vv. 1b + 2:" . . . strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op dié dinge wat daarbo is!"

Wat hierdie opdrag presies in praktyk beteken, kom in die volgende dagstukke se Skrifgedeeltes aan die orde. Paulus se bedoeling in vv. 1b + 2 is dat ons fokus moet reg wees; ons moet in ons lewe op die regte saak fokus. Die verkeerde fokus het hy in hfst. 2:8-15 en hfst. 2:16-23 uitgespel, nl. oorlewering van mense, wettiese godsdienstige reëls, moets en moenies oor eet- en drinkgewoontes en godsdienstige praktyke. Al hierdie goed is belangrik, maar dit mag nie middelpunt van jou aandag geniet nie, jou fokus mag nie daarop ingestel wees nie.

Wanneer 'n mens jou fokus instel op 'n saak, dan raak al die omliggende dinge half uit fokus. As jy bv. deur 'n geweer se visier op 'n teiken korrel, dan is die teiken in jou visier. Jy sien nog alles in die omgewing van die teiken raak, maar dit alles is half uit fokus. Net só moet jy strewe na die dinge daarbo waar Christus is. Eet- en drinkgewoontes, godsdienstige praktyke, kleredrag, ens. gaan nie dan skielik vir jou ontersake word nie, maar hierdie dinge gaan nie vir jou die belangrikste wees nie. Jy gaan dit regkry om mense nie te verwerp net omdat hulle 'n ander kleresmaak of ander godsdienstige praktyke as jy het nie. Want – jy het jou fokus ingestel op "dinge daarbo waar Christus is".

Paulus noem vier redes hoekom in jou versier die hemel moet wees: Eerstens omdat jy saam met Christus uit die dood opgewek is (v.2a); tweedens omdat jy gesterwe het (v.3a); derdens omdat jou lewe saam met Christus verborge is in God (v.3b); en vierdens omdat jy by Christus se terugkeer saam met Hom sal verskyn en in sy heerlikheid sal deel (v.4).

God se opdrag aan jou is dus dat jy strewe na en gedagtes rig op dié dinge daarbo, want dáár is jou lewe, saam met Christus verborge in God.

**UITSIG**

- Lees Flp 3:1 16 (p. 259). Let veral op die volgende sake:

  v.3: Moenie op uiterlike dinge vertrou nie.

  vv.7 + 8: . . . om Christus Jesus te ken oortref alles in waarde.

  vv.8-11: In geheel

  v.14: . . . jaag na wenstreep om die hemelse prys te behaal.

***Gebedsriglyne:*** • Vra dat ons Vader jou deur die Gees met die Bybel sal lei om jou fokus in jou lewe in te stel soos Hy dit wil hê. Bely teenoor God jou begeerte om te doen wat Hy wil hê.

## DAG 13 KOLOSSENSE 3:1-4, 5-11

**BREEK MET DIE OU MENS EN SY GEWOONTES!**

**OORSIG**

| Vers 5-9a | Vers 9b | Verse 1-11 |
|---|---|---|
| Die opdrag om te breek met die ou mens en sy gewoontes | Motivering 1) vir opdrag: Julle het met die ou sondige mens gebreek | Motivering 2) vir opdrag: Julle leef nou die lewe van die nuwe mens |

**INSIG**

In Kol 3:1-4 het Paulus aan die Kolossense die opdrag gegee om hulle gedagtes te rig op die dinge daarbo. In die gedeelte wat vandag aan die orde is (vv. 5-11), sê Paulus wat die uitvoering van die opdrag in vv. 1-4 in praktyk beteken. In 'n neutedop saamgevat: *Jy moet breek met die ou mens en sy gewoontes!*

Wanneer 'n mens bewus word van sy redding, is hy nie eensklaps bevry van sy ou mens en dié se gewoontes nie. Dit word 'n lewenslange taak om te breek met die ou mens en sy gewoontes. Daarom die opdrag wat ons Here deur Paulus in v.5 gee: "Julle moet die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is", en weer in v.8 "... nou moet julle al hierdie dinge laat staan!" Paulus volstaan egter nie met hierdie teoretiese opdragte nie. Nee – die

Here laat Paulus *presies* sê wat die gewoontes van die ou mens is: V.5: *seksuele onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid;* v.8 + 9a: *Woede, haat, nyd, gevloek, vuil taal, leuens.*

Uit v.11 kan 'n mens ook nog gewoontes van die ou mens aflei: Vir die ou mens is dit van belang of iemand 'n Griek of Jood is, d.w.s. hy diskrimineer op grond van ras- en/of kleurverskille; vir die ou mens is dit van belang of iemand besny of onbesny is, d.w.s. hy diskrimineer op grond van – in ons taal - kerkverband; vir die ou mens is dit van belang of iemand andertalig en/of onbeskaafd is, d.w.s. hy diskrimineer o.g.v. andertaligheid of beskawingspeil; vir die ou mens is dit van belang of iemand slaaf of vry is, d.w.s. hy diskrimineer op grond van sosiale en/of finansiële stand.

Met al hierdie bogenoemde dinge moet jy breek, sê die Here deur Paulus. Natuurlik sal dit moeilik wees, want dit gaan dwars in teen die wense van jou ou natuurlike mens. Tog is dit die opdrag wat ons Here gee, en as kind van God staan jy onder verpligting om te doen wat Hy wil hê. In v.6 skryf Paulus wat die uiteinde is as jy vrye teuels aan jou ou mens gee: Die straf van God kom oor dié mense wat aan Hom ongehoorsaam is.

Daarom – Voer biddend die opdrag van onse Here uit, en BREEK met die ou mens!

**UITSIG**

- Lees Dordtse Leerreëls, hfst 5, paragrawe 1 , 2 + 3 .
- Lees weer Kol 3:10, blaai dan na p. 351 in jou Bybel en lees die inskrywing onder die opskrif *Beeld van God* op p. 351-2. Lees ook al die Skrifgedeeltes waarna verwys word.
- Noem van jóú gewoontes wat eintlik ook gewoontes van *die ou mens* is. Werk planne van aksie uit hoe jy daarvan gaan breek.

*Gebedsriglyne:* • Dank ons Vader dat jy mág weet hoe Hy wil hê dat jy jou lewe moet inrig.
• Vra Hom om dié dinge in jou lewe wat nog tipies van die ou mens is, aan jou te ontbloot en om jou in staat te stel om daarmee te breek.

## DAG 14 — KOLOSSENSE 3:1-4, 12-16

**LEEF NÓÚ DIE LEWE VAN DIE NUWE MENS!**

**OORSIG**

| Verse 12-14 | Vers 15 | Verse 16 |
|---|---|---|
| Die opdrag om verskillende gewoontes van die nuwe mens jou eie te maak | Vrede van Christus moet in jou lewe die deurslag gee. 'Wees altyd dankbaar | Die boodskap van Christus moet in julle bly |

**INSIG**

In Kol 3:1-4 het ons Here deur Paulus aan die Kolossense die opdrag gegee om hulle gedagtes te rig op dié dinge daarbo. In die vorige dagstuk was vv.5-11 aan die orde. Daarin het Paulus begin sê wat die uitvoering van vv.1-4 se opdrag in praktyk beteken nl. *Jy moet breek met die ou mens en sy gewoontes.* In vandag se Skrifgedeelte (vv. 12-16) stel Paulus

'n ander – byna teenoorgestelde - sy van die praktyk aan die orde: *Leef nou die lewe van die nuwe mens.* In vv. 5-11 het Paulus gesê watter gewoontes van die ou mens afgelê moet word; nou – in vv.12-16 meld hy die gewoontes van die nuwe mens wat aangeleer moet word. Hierdie twee Skrifgedeeltes het groot waarde om "verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek (2 Tm 3:16)."

Fasette van hierdie *regte lewenswyse* word in vv.12-14 genoem: Meelewendheid (om sáám swaar te kry en sáám bly te wees), goedgesindheid (om jou naaste se goeie bedoelings nie in twyfel te trek nie), nederigheid (om 'n ander hoër te ag as jouself), sagmoedigheid (om toe te gee as daar nie 'n beginsel op die spel is nie), verdraagsaamheid en geduld met mekaar, en die bereidheid om mekaar te vergewe soos wat die Here ons vergewe het. Bo-aan die lysie van die gewoontes van die nuwe mens, staan die liefde: "Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind (v.14)."

In v.15 gee Paulus die opdrag dat jy daarna moet streef om die vrede wat Christus gee, in jou lewe die deurslag te laat gee. Dit beteken dat die bepalende faktor in my lewe nie mag wees *my voordeel, my gerief, my reg* nie, maar: alles wat die vrede wat Christus gee, dien. Só word die eenheid in die gemeente gedien. Dan sal jy dit ook regkry om onder alle omstandighede dankbaar te wees (v.l5b). Jy weet immers dat God *alles* vir jou ten goede laat meewerk (Rm 8:28).

Nog 'n wesenskenmerk van die lewe van die nuwe mens is dat die boodskap van Christus in sy volle rykdom in sodanige persoon bly. 'n Uitvloeisel is dan dat mense mekaar begin leer en onderrig in alle wysheid, en dat hulle allerhande liedere tot eer van God sing. Al hierdie bogenoemde dinge moet praktyk word in jou lewe.

**UITSIG**

- Lees weer vv. 12-14. Staan by elk van die gewoontes van die nuwe mens stil, en toets jou lewenswyse daaraan. Werk biddend 'n plan van aksie uit om hierdie "nuwe" lewensgewoontes aan te leer.
- Lees Gl 5:13-26 (p. 249).
- Lees die Nederlandse Geloofsbelydenis, paragraaf 24.

***Gebedsriglyne:*** • Lees v,12a. Dit sê God vir jou. Dank Hom vir sy genade.

• Vra dat Hy jou deur die Gees met die Bybel sal lei om nóú die lewe van die nuwe mens te leef.

## DAG 15 KOLOSSENSE 3:1-4, 5-11

**SÊ EN DOEN ALLES IN DIE NAAM VAN DIE HERE!**

**OORSIG**

| Vers 17 | Verse 18+19 | Verse 20+21 | 3:22- 4:1 |
|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die algemene beginsel: Sê en doen alles in die Naam van die Here | Die beginsel toegepas op die verhouding tussen man en vrou in die huwelik | Die beginsel toegepas op die verhouding tussen ouers en kinders | Die beginsel toegepas op die verhouding tussen base en werkers |

**INSIG**

In v.17 gee die Here deur Paulus 'n huiweringswekkende opdrag as nog 'n verdere "gewoonte" van die nuwe mens: "En wat jy ookal sê en doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here ..." Die sleutel tot die verstaan van hierdie opdrag, lê in die woorde *in die Naam van die Here* Jesus. Om iets in die Naam van die Here Jesus te sê of te doen, beteken dat jy - telkens voordat jy praat of doen - jouself eers afvra: "As die Here Jesus hier was, wat sou Hy gesê het of gedoen het?" Jy moet dus -voordat jy iets sê of doen - jouself eers afvra of dit ons Here Jesus se goedkeuring wegdra.

Om die uitdrukking *in die Naam van die Here sê en doen* nog beter te verstaan, is dit nodig om te kyk hoe hierdie uitdrukking op ander plekke in die Bybel gebruik word. Lees bv. 1 Kor 5:3 + 4 (p. 220), 1 Kor 6:11 (p. 221), Ef 5:20 (p. 255) en 2 Ts 3:6 (p. 272).

Die Here self stel jou in staat om hierdie opdrag uit te voer: Christus is in jou (Kol 1:27), God het jou onder die heerskappy gestel van sy Seun (Kol 1:13), julle het gesterwe en julle is saam met Christus verborge in God (Kol 3:3). Op grond van wat God self gedoen het, eis Hy dus dat jy *alles* wat jy sê en doen, in die Naam van die Here Jesus sê en doen.

Die algemene beginsel van v.17 word in v.18 en volgende verse prakties toegepas op verskillende verhoudings waarin gelowiges staan: die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (vv. 18 + 19); die verhouding tussen ouers en kinders in die gesin (vv.20 + 21); en die verhouding tussen slawe en hulle base (vv.22-4:1).

In die volgende drie dagstukke sal hierdie drie verhoudings onderskeidelik aan die orde kom.

**UITSIG**

- Lees Ef 5:1-20 (p. 255).

*Gebedsriglyne:* • Dank ons Here vir sy genade om in die Naam van Jesus te mag praat en doen.

• Vra dat Hy deur die Gees met die Bybel in elke situasie aan jou sal toon hoe jy v.17 se opdrag moet uitvoer.

## DAG 16 KOLOSSENSE 3:17; 18+19

### DIE HERE SE OPDRAG AAN JOU VIR 'N GELUKKIGE HUWELIK

**OORSIG**

| Vers 18 | Vers 19 |
|---|---|
| Die opdrag aan die vrou: Wees aan jou man onderdanig | Die opdrag aan die man: Jy moet jou vrou liefhê |

### INSIG

Hierdie Skrifgedeelte dwing jou om met jou huwelik voor die Here te gaan staan. Dalk is jy nog net verloof, of dalk sleep jy nog net, of dalk droom jy nog net drome oor jou huwelik en jou huweliksmaat – hoe dit ookal met jou gesteld is, Gód praat met jou. Pas dit òf op jou huwelik toe, òf op jou aanstaande huwelik, òf op jou drome oor 'n huwelik, òf op mense wat naby aan jou is se huwelik. Vooraf is dit belangrik dat jy moet raaksien dat dit wat God hier openbaar, nie maar menslike advies is nie. Menslike advies laat aan jou die opsie om dit op te volg of nie. Hierdie is egter nie advies nie; dit is ons Vader in die hemel se opdrag aan jou, en daarom het jy geen opsie as om te doen wat Hy wil hê nie.

Eerstens gee die Here sy opdrag aan die vrou: Jy vrou, wees aan jou man onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo (v.18). Om onderdanig te wees aan jou man beteken dat jy vir hom luister, dat jy jou skik na sy wil, dat jy hom ruimte gee om die koers aan te dui. Net dit pas by 'n vrou wat in die Here is, sê Paulus. Om hierdie woorde van Paulus reg te verstaan, blaai terug na Ef 5:22 (p. 255): "Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is" (v.22). En v.24: "Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees."

Menslike logika verwag nou dat die Here aan die man sal sê: Heers oor jou vrou! Maar in v.19 staan: "Jy moet jou vrou liefhê . . .! Hierdie *liefhê* is nie maar net 'n warm romantiese gevoel wat jou hart vinniger laat klop nie. Dit is veel meer as dit. Blaai weer na Ef 5 (p. 255) en lees v.25. Hier blyk dit wat hierdie *liefhê* inhou. Dit hou in dat jy, man, jouself moet gee, moet *kruisig* vir jou vrou. Ja - jy word opgeroep tot dieselfde tipe liefde wat Christus vir sy bruid, die kerk het.

En nou is dit duidelik wat ons Here van jou as vrou en van jou as man eis: Dat jy die verhouding tussen Christus en sy bruid, die kerk, as voorbeeld moet neem. Jy vrou, moet die rol van die kerk vervul, en jy man die rol van Christus. Voer biddend hierdie opdragte van ons Here saam met jou gelowige huweliksmaat uit, en jy sal die seën van die Here daarop smaak.

### UITSIG

- Jy man, en jy vrou, noem voorbeelde wat dit in praktyk beteken om hierdie opdrag van die Here uit te voer.
- Lees Ef 5:21-32 (p. 255).
- Lees 1 Pt 3:1-7 (p. 310).

***Gebedsriglyne:*** · Dank ons Vader dat jy mág weet hoe Hy wil hê dat jy jou huwelik moet inrig.

· As jy nog ongetroud is, vra die Here se leiding sodat jy werklik 'n gelowige lewensmaat sal kies.

· Vra dat Hy jou wys wat dit *in praktyk* beteken om sy opdrag uit te voer.

## DAG 17 KOLOSSENSE 3:17; 20+21

### DIE HERE SE OPDRAG AAN JOU VIR 'N GELUKKIGE GESIN

### OORSIG

| Vers 20 | Vers 21 |
|---|---|
| Die opdrag aan die kinders: Wees in alles aan julle ouers gehoorsaam | Die opdrag aan die ouers: Moenie gedurig by julle kinders fout soek nie |

**INSIG**

Die algemene opdrag van v.17 *(Sê en doen alles in die Naam van die Here Jesus)* word nou in vv. 20 + 21 toegepas op die verhouding tussen ouers en kinders in die gesin. Jy is dalk 'n kind, dalk 'n ouer of dalk 'n ouer en 'n kind, aangesien jy self kinders het, maar jou eie ouers ook nog lewe. Hoe dit ookal met jou gesteld is, toets jou verhouding(-s) aan die volgende:

Die verhouding tussen ouers en kinders moet getoets word aan twee verhoudings: Enersyds die verhouding tussen ons Vader in die hemel en ons, sy kinders. Hiervolgens het die ouers die rol van die Vader en die kinders die rol van die gelowiges. Andersyds die verhouding tussen God die Vader en God die Seun. Hiervolgens word van die kinders in 'n gesin geëis dat hulle hulle optrede teenoor hulle ouers sal skoei op die lees van Christus se optrede teenoor die Vader.

Paulus spreek eerstens die kinders aan (v.20): "Wees in alles aan julle ouers gehoorsaam! *In alles* beteken IN ALLES. Jy moet luister wat hulle sê en doen wat hulle wil hê. Of dit nou gaan oor jou huiswerk, jou sleepsake, die keuse van jou vriende, of wat ookal. Die Here lê die verpligting op jou om vir hulle te luister. Dit wil nie sê dat jy nie mag stry met hulle nie, of dat jy nie met hulle mag redeneer nie. Jy mag redeneer, maar *altyd* as kind, d.w.s. met die gesindheid van: Pa en/of ma weet beter, en as ek dit nie kan regkry om hulle van my standpunt te oorreed nie, dan lê die Here op my die verpligting om my te skik na hulle standpunt. "Dit verlang die Here van kinders wat in Hom glo", sê ons Here deur Paulus (v.20b).

Vervolgens (v.21) word die ouers aangespreek: "Moenie gedurig by julle kinders fout soek nie!" Ouer, dit beteken dat jy nie aanmekaar net vir jou kind moet sê: "Jy kan ook niks reg doen nie!" of: "Jy's altyd laat, jy's altyd onnet," ens. Inteendeel, jy moet eerder die goeie in jou kind uitlig. Laat die fokus val op sy sterk punte, en in baie gevalle sal sy swak punte asof vanself verdwyn. Dit is immers hoe jou hemelse Vader teenoor jou - sy kind - optree. Dink maar hoe dit met jou sal gaan as jou Vader die hele tyd jou talle swak punte onder die kalklig plaas. Jou verhouding met jou kind moet as't ware 'n afskaduwing wees van hoe jy jou hemelse Vader se verhouding teenoor jou ervaar. Maak jy nie erns met hierdie opdrag van die Here nie, sal jou kinders moedeloos word (v.21) en ook opstandig (Ef 6:4).

**UITSIG**

- Lees Ef 6:1-4 (p. 256)
- Lees Heb 12:4-12 (p. 299)
- Ondersoek jou verhouding met jou ouers en/of kinders biddend, en maak die nodige regstellings.

***Gebedsriglyne:*** • Dank ons hemelse Vader dat jy mág weet hoe Hy wil hê dat jy jou verhouding met jou ouers en/of kinders moet wees.

• Vra dat Hy jou wys wat dit in praktyk beteken om hierdie opdrag uit te voer.

# DAG 18 KOLOSSENSE 3:17+22-4:1

**DIE HERE SE OPDRAG AAN JOU VIR DIE VERHOUDING TUSSEN BASE EN WERKNEMERS**

**OORSIG**

| Verse 22-25 | 4:1 |
|---|---|
| Die opdrag aan die slawe: Wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde | Die opdrag aan die eienaars/base: Behandel julle slawe reg en billik |

**INSIG**

Miskien het jy by die eerste lees van Kol. 3:22-4:1 gedink dat hier nou een Skrifgedeelte is wat nie op jou van toepassing is nie, want jy is nie 'n slaaf nie (in elk geval nie in letterlike sin nie) en jy het ook nie slawe nie. Maar jy besef seker self dat nie só maklik van hierdie saak afgestap kan word nie. Trouens, met hierdie opdragte aan slawe en base gee die Here sy opdragte vir wat ons vandag sou noem die verhouding tussen werkgewer en werknemer. Werkgewer en werknemer moet hier in ruim sin geneem word. Al die volgende verhoudings val bv. geheel of gedeeltelik in hierdie kategorie: Die verhouding tussen 'n huisvrou en die huisbediende, dié tussen boer en sy werker, dié tussen 'n besigheidseienaar en sy werknemers, die tussen 'n skoolhoof en sy onderwyseres, dié tussen voorman en sy ambagsmanne, ens. Dus – met die opdragte wat ons Here gee vir die verhouding tussen baas en hulle slawe, het hy voorskrifte gegee wat geld vir die slegte werkgewer – en werknemersituasie. As dit dan daarvoor geld, soveel te meer vir ons min of meer normale situasie.

Eerstens praat Paulus met die slawe, die werknemers (v.22): "Wees in alles gehoorsaam aan julle base hier op aarde." Dit beteken: Voer hulle opdragte uit, doen wat hulle wil hê. Maar die rede hoekom jy dit doen, moet reg wees. Jy, werknemer, moet weet dat die eintlike Baas in wie se diens jy staan, die Here is (v.22b tot 24). Hy sien jou altyd raak. Dit help dus nie om maar net só jou plig na te kom dat jy in jou aardse baas se goeie boekies is nie. Jy draai hom miskien 'n rat voor die oë, maar vir jou eintlike Baas, die Here, nooit! En selfs al word jy verontreg deur jou aardse base -laat die vergelding aan die Here oor. Hy trek niemand voor nie (v.25).

Die opdrag aan jou as baas is (4:1): "Behandel jou slawe reg en billik." Dit beteken: behandel hulle soos dit hoort en behandel hulle regverdig. Jou motivering in die uitvoering van hierdie opdrag mag nie bloot wees om groter produktiwiteit by jou werker te laat ontstaan nie, of om bloot sy goeie gesindheid teenoor jou te kry nie. Jou optrede teenoor jou werknemers moet bepaal word deur die feit dat jy weet: "Ek het ook 'n Baas, nl. die Here in die hemel. My verhouding met my werknemer moet as't ware 'n afskaduwing wees van die Here, my hemelse Baas, se verhouding met my, sy slaaf' (v.1b).

Of jy nou 'n baas is, of 'n werknemer of albei – sorg jy dat jy jou optrede in jou werksituasie in lyn bring met die opdragte wat jou Here, jou Baas in die hemel, jou gee.

**UITSIG**

- Maak 'n lysie van al die dinge wat jou in jou verhouding met jou baas en/of werker frustreer. Soek biddend in die Bybel na die antwoord vir die regstelling daarvan.
- Lees Ef 6:5-9 (p. 256)
- Lees 1 Pt 2:18-25 (p. 309).

*Gebedsriglyne:* • Dank ons Vader dat Hy ook vir jou werksituasie duidelik openbaar wat Hy van jou eis.

• Bely jou oortredings in jou verhouding met jou baas en/of werknemers, en vra die leiding van die Gees in jou regstelling daarvan.

## DAG 19 KOLOSSENSE 4:2-4

**JY MOET VOLHARD IN DIE GEBED**

**OORSIG**

| Vers 2a | Vers 2b | Vers 3 + 4 |
|---|---|---|
| Die opdrag: Volhard in die gebed! | Gebedsvolharding hou in (1): Om daarin te waak met dankbaarheid | Gebedsvolharding hou in (2): Om voorbidding vir ander te doen |

**INSIG**

"Volhard in die gebed!" Duidelik is die opdrag wat ons Here deur Paulus in v.2 gee. Jy moenie gebed in jou lewe afskeep nie, jy moenie onder die druk van 'n besige program maar al te maklik toegee aan die versoeking om jou gereelde gebedstyd in te kort of selfs op te skort nie. In Ef 6:18 stel Paulus dit baie mooi: "Doen dit alles biddend." Om in die gebed te volhard beteken niks minder as om biddend te lewe nie.

In vers 2b blyk dit dat gebedsvolharding onder andere inhou om daarin te waak. Dit beteken dat 'n mens wakker moet wees vir sake soos jou eie behoeftes, dié van jou gesin, van jou kerk, van jou wêreld; jy moet in jou gebedslewe ook wakker wees teen die gevare wat die gelowige bedreig, ook vir die seënings wat van God ontvang is en wakker wees vir die wil van God. Hierdie wakkerwees in die gebedsvolharding mag egter nie sommer met enige gesindheid geskied nie. Dit moet geskied *in dankbaarheid.* Jy moet dus nie verwytend wees nie, maar dankbaar, in die wete dat God *alles* vir jou ten goede laat meewerk.

In verse 3 + 4 blyk dit dat hierdie gebedsvolharding ook nog iets anders inhou, nl. om voorbidding te doen. Paulus vra die Kolossense onomwonde om vir hom en sy metgeselle te bid (v.3a). Dit bly egter nie by hierdie vae versoek om voorbidding nie. Hy spesifiseer ook wat die inhoud van die voorbidding moet wees, nl. dat God vir Paulus-hulle 'n deur vir die Woord oopmaak, sodat hulle die geheimenis, nl. Christus, kan verkondig. Let op dat Paulus nie vra dat die Kolossense vir sy bevryding uit die tronk moet bid nie. Lees bv. Flp 2:12-14 (p. 258) waar hy stel dat juis sy gevangeneskap die verkondiging van die evangelie bevorder het. Paulus vra ook (v.4) dat hulle sal bid dat hy dié verkondiging duidelik sal doen.

Daar moet ook by ons groter vrymoedigheid kom om van mekaar spesifieke voorbidding te vra en vir mekaar spesifieke voorbidding te doen.

### UITSIG

- Noem spesifieke sake waaroor jy graag sou wou hê dat medegelowiges vir jou by God voorbidding moet doen. Vrá voorbidding!
- In watter opsigte moet jy jou lewenspatroon verander om jou lewe te kan tipeer as 'n *biddende lewe?* Probeer jy God inpas in jou lewe, in plaas daarvan om jou lewe *om Hom* te bou?
- Lees Ef 6:18-20.

***Gebedsriglyne:*** • Verklaar voor God jou vaste voorneme om te volhard in gebed.

• Doen voorbidding vir mede-gelowiges, veral vir dié wat Woord-bediening as besondere taak het.

## DAG 20 KOLOSSENSE 4:5+6

**JY MOET MET WYSHEID OPTREE TEENOOR MENSE BUITE DIE GEMEENTE**

### OORSIG

| Vers 5a | Vers 5b | Vers 6a | Vers 6b |
|---|---|---|---|
| Die hoofopdrag: Tree met wysheid op teenoor mense buite die gemeente | Newe-opdrag 1: Maak die beste gebruik van elke geleentheid | Newe-opdrag 2: Praat vriendelik en met goeie smaak | Newe-opdrag 3: Weet hoe julle elkeen behoort te antwoord |

### INSIG

Na die opdrag om in die gebed te volhard (vv.2-4), gee die Gees deur Paulus in vv. 5 + 6 'n verdere opdrag: "Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is." In hierdie twee verse kom dus nou voorskrifte vir 'n gelowige se optrede teenoor mense wat nie gelowiges is nie.

Jy moet met wysheid teenoor die mense buite die gemeente optree. Dit beteken dat jy - ook in jou optrede teenoor mense buite die gemeente - jou deur God moet laat lei. Dit hou in dat jy nie maar 'n traak-my-nie-agtige houding teenoor mense buite die gemeente mag ontwikkel nie. Jou optrede teenoor hulle moet só wees dat jy hulle agting afdwing (1 Ts 4:12). 'n Gelowige moet ook by mense buite die gemeente as 'n goeie man bekend staan (1 Tm 3.7).

In plaas van 'n traak-my-nie-agtige houding teenoor buitestaanders, moet jy jou daarop toelê om die beste gebruik te maak van elke kontakgeleentheid (v.5b). Jy moet 'n oop oog ontwikkel vir potensiële kontakgeleenthede, en elke sodanige geleentheid ten volle benut. So kan die woorde van Spreuke 11:30 in jou lewe waar word: "Wie die wil van die Here doen, is 'n bron van lewe; die mens wat wysheid het, red lewens."

Jou benutting van sodanige geleenthede moet één deurlopende kenmerk hê: Alles wat jy sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig. Jy moenie uit die hoogte met 'n hoog-heilige houding optree nie; jy moenie hooghartig, aanmatigend, verwaand, liefdeloos en hardvogtig wees nie. Jy moet daarna streef om in jou lewe te doen wat Christus gedoen het. "Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel (1 Pt 2:23). Alles wat jy sê moet ook

van goeie smaak getuig: "Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom (Ef 4:29)."

Laastens (v.6b) gee Paulus die opdrag dat jy in jou kontak met mense buite die gemeente, moet weet hoe jy elkeen van hulle behoort te antwoord. Jy moet as't ware altyd gereed wees om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van jou 'n verduideliking eis oor die hoop wat in jou lewe; jy moet dit egter met beskeidenheid doen, en met eerbied vir God (vgl. 1 Pt 3:15 +16). Dink in hierdie verband aan die woorde van ons Here Jesus in Mt 10:19 + 20: "Op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê. Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat."

### UITSIG

1. Lees 1 Ts 4:11 + 12 (p. 269) en Ef 5:6-20 (p. 255) en lei uit hierdie Skrifgedeeltes beginsels af vir jou optrede teenoor buitestaanders.
2. Dink aan kontakgeleenthede met ongelowiges wat jy nog nie benut nie en beplan biddend jou volle benutting daarvan.

*Gebedsriglyne:* • *Stel voor ons Here jou voorneme om hierdie opdrag i.v.m. jou optrede teenoor ongelowiges, uit te voer.*

• Vra Hom vir die wysheid wat jy in die uitvoering van die opdrag nodig het.

## DAG 21 KOLOSSENSE 4:7-9

### IN DIENS VAN DIE HERE

### OORSIG

| Vers 7 | Vers 8 | Vers 9 |
|---|---|---|
| Paulus vermeld Tigikus se besondere eienskappe | Paulus se doel met sy sending van Tigikus na die Kolossense | Paulus vermeld Onesimus se besondere eienskappe |

### INSIG

Tigikus was een van Paulus se intieme vriende en medewerkers. Hy het die laaste deel van Paulus se derde sendingreis saam met Paulus meegemaak (vgl. Hand 20:4). Paulus het Tigikus dikwels as "briefdraer" en mondelinge boodskapper gebruik; lees bv. Ef 6:21. 2 Tm 4:12 en Titus 3:12.

Onesimus was Filemon, 'n lidmaat van die gemeente in Kolosse, se weggeloopte slaaf. Hy het in die gevangenis by Paulus beland en daar tot bekering gekom. Paulus stuur Onesimus nou terug na Kolosse, na sy baas Filemon. Lees eers die kort briefie aan Filemon (p. 286), vv.8-19.

Paulus stuur hierdie twee manne na Kolosse, Onesimus terug na sy baas Filemon, en Tigikus met die brief en mondelinge boodskappe. Die doel met hierdie sending staan in v.8 van Kol 4: . . . sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem." Hulle moet alles gaan vertel van hoe dit met Paulus gaan (v.7a en

9b).

Die besonderse van hierdie kort Skrifgedeelte lê egter in iets anders, nl. die hoë agting wat Tigikus en Onesimus by Paulus geniet. Lees weer hoe hoog ag Paulus vir Tigikus: *die medegelowige wat ek baie lief het,* en *hy is 'n getroue dienaar* en *hy werk saam met my in diens van die Here* (v.7). Van Onesimus sê Paulus feitlik dieselfde (v.9): *die getroue medegelowige* en *wat ek baie lief het.*

Paulus noem hulle *medegelowiges.* In die oorspronklike staan daar eintlik *broer.* Medegelowiges is inderdaad mekaar se broers en susters, omdat hulle almal één Vader het, nl. die Here in die hemel. Paulus voeg by . . . *wat ek baie lief het.* Paulus bedoel hiermee nie in die eerste plek dat Hy hulle lief het op grond van die een of ander goeie kwaliteit by hulle nie, maar hy het hulle lief omdat God hulle lief het. En as dit die rede is vir 'n mens se liefde vir 'n medegelowige, dan word sigbare dinge soos standverskille (bv. die feit dat Onesimus 'n slaaf is) van minder belang.

Tigikus was egter ook 'n *getroue dienaar.* Hy het 'n bepaalde taak van die Here ontvang wat hy *in diens* van sy medegelowiges moet verrig. En hierin was hy getrou. Voorts sê Paulus van hom: *hy . . . werk saam met my in diens van die Here.* Hy was 'n *medewerker,* nie 'n alleenwerker dwarstrekker wat op eie houtjie in diens van die Here wil leef nie.

Sou daar ook na jou verwys kan word as "die medegelowige wat ek baie lief het, die getroue dienaar, die medewerker in diens van die Here"?

**UITSIG**

3. Kry jy dit reg om medegelowiges lief te hê, al is hulle van 'n ander stand, of 'n ander volk of 'n ander ras as jy? Ondersoek jouself eerlik voor die Here.
4. Watter taak wat jy in diens van jou medegelowiges moet uitvoer, het ons Here op jou gelê? Is jy getrou in die uitvoering daarvan?
5.

***Gebedsriglyne:*** • Vra ons Here om jou in staat te stel om *alle* gelowiges – ongeag persoonlike verskilpunte - te aanvaar as geliefde medegelowiges.

• Vra dat jy jou taak in jou gemeente sal begryp, en dit getrou sal uitvoer.

## DAG 22 KOLOSSENSE 4:10+11

### JY MOET 'N MEDEWERKER VIR DIE KONINKRYK VAN GOD WEES

**OORSIG**

| Vers 11b | Verse 10a-11a | Vers 11b |
|---|---|---|
| Medewerkers vir die Koninkryk van God | Die enigste drie Jode wat saam met Paulus werk vir die Koninkryk van God. | Die groot troos te put uit medewerkers |

**INSIG**

Hoe sou iemand wat jy ken en wat hom beywer vir die koninkryk van God jou tipeer?

Medewerker. . ., of dalk 'n dwarstrekker? 'n aansporing . . . of dalk 'n struikelblok? 'n troos . . ., of dalk 'n verdriet? In die gelese gedeelte noem Paulus vir Aristargos, Markus en Jesus Justus medewerkers vir die koninkryk van God. Kom ons gaan 'n bietjie dieper daarop in.

Om die uitdrukking *'n medewerker vir die koninkryk van God* reg te verstaan, is dit belangrik om te verstaan wat *koninkryk van God* beteken. *Koninkryk van God* beteken *God se koningsheerskappy.* Om saam te werk vir die koninkryk van God beteken dat jy bereid is om as instrument gebruik te word in God se koningsheerskappy. Dit geld alle werk wat God deur middel van jou wil doen, beide in jou gemeente en in jou gemeenskap.

Aristargos, Markus en Jesus Justus was elkeen op sy eie unieke manier vir Paulus 'n medewerker vir die koninkryk van God. *Aristargos en* Paulus het al 'n lang tyd saam deurgebring. Lees Hand 20:4 (p. 186) en Hand 27:2 (p. 195) om die plek waar Aristargos vandaan kom, vas te stel. Lees Hand 19:29; hieruit blyk, dit dat Aristargos tydens Paulus se bediening in Efese by hom was. Uit Hand 20:4 is dit duidelik dat Aristargos ook tydens die terugreis van die derde sendingreis saam met Paulus was, en uit Hand 27:2 (p. 195) dat hy Paulus ook op sy reis na Rome vergesel het. En nou, vanuit Rome, getrou aan die sy van Paulus tot in die gevangenis, stuur hy groete. *Markus* en Paulus se medewerking was ook al oud, en in sekere opsigte veelbewoë. Lees Hand 15:36-39 (p. 180) en Hand 13:13 (p. 174) om insig te kry in die aard van die verhouding tussen Paulus en Markus. Markus se weggaan van Paulus af tydens die eerste sendingreis was niks anders as 'n drostery nie. Hy was 'n lou, trae medewerker en is daarom afgeskud.

Uit Kol 4:10 blyk dit dat hierdie tragiese breuk tussen Paulus en Markus herstel is. Uit 2 Tim 4:11 (p. 281) blyk dit nog duideliker. Hierdie einste Markus het die tweede Evangelie geskryf. *Jesus Justus* se verhouding met Paulus is - behalwe vir die vermelding hier in Kol 4:11 - duister. Nêrens anders in die Nuwe Testament word hy vermeld nie. Hieruit is af te lei dat nie net mense wat die kalklig vang, as medewerkers vir die koninkryk van God getipeer word nie, maar ook die minder opspraakwekkendes.

Paulus sê aan die einde van v. 11 dat hierdie drie medewerkers vir hom 'n groot troos is. Deur hulle medewerking het God aan Paulus gewys dat hy nie alleen staan nie: God het medewerkers gegee: Praktiese hulp, gedeelde werk, morele ondersteuning - mense wat ten spyte van tradisie luister na God se opdragte en dóén wat die Here wil hê.

**UITSIG**

- Ondersoek jou lewe biddend!
- Jy móét 'n medewerker vir die koninkryk van God wees. Watter optredes van jou getuig dalk van die teendeel?
- Lees Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 124. As medewerker vir die koninkryk van God moet dit jóú bede wees.

***Gebedsriglyne:*** • Vra dat ons Vader jou wys watter aanpassings jy moet maak om 'n medewerker in sy koninkryk te wees.

• Bid antwoord 124 van die Heidelbergse Kategismus.

## DAG 23 KOLOSSENSE 4:112-14

### JY MOET 'N EPAFRAS EN 'N LUKAS WEES, MAAR JY MAG GEEN DEMAS WEES NIE

#### OORSIG

| Verse 12+13 | Vers 14a | Vers 14b |
|---|---|---|
| Epafras | Lukas | Demas |

#### INSIG

In vv. 12-14 vermeld Paulus nog drie mense wat vir die gelowiges in Kolosse groete stuur. Spieël jouself in hierdie drie persone: *Epafras* is eintlik al 'n bekende. Lees weer Kol 1:7 + 8 (p. 262). Lees ook Filemon v.23 (p. 278). Paulus gee hier in Kol 4:12 aan Epafras die eretitel: *hy staan in diens van Christus Jesus.* In die oorspronklike taal staan daar eintlik: *hy is 'n slaaf van Christus Jesus.* 'n Slaaf in die destydse kultuur was iemand wat in die volle sin van die woord sy baas se eiendom is. Met alles wat hy is en het behoort hy aan sy baas. As 'n mens dit in gedagte hou, blyk die volle draagkrag van die eretitel wat Paulus aan Epafras gee. Elke gelowige is slaaf van Christus; In Rm 6:18 staan daar bv.: "Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is, en slawe van God geword het wat sy wil doen", en weer in Rm 6:22: "Julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde is die ewige lewe." Epafras se groot werk is sy voorbidding vir die Kolossense. Die inhoud van sy gebed is dat die gelowiges in Kolosse staande moet bly, dit wil sê dat hulle geestelik volwasse sal word en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God (v.12).

*Lukas* word hier (v.14) nie met baie woorde beskryf nie, maar die kort sinsnedetjie in v.l4a spreek boekdele: "Lukas, die dokter wat ek baie lief het!" Die Here het vir Lukas op 'n besondere manier gebruik. Uit sy hand het twee Bybelboeke verskyn, nl. *die Evangelie volgens Lukas,* en *die Handelinge van die Apostels.* Hy was inderdaad 'n uitsonderlike persoon. Hy was altyd getrou aan Paulus, aan die Evangelie, aan die Here. Uit Handelinge blyk dit dat hy dikwels saam met Paulus gereis het, ten minste al die ons-gedeeltes, d.w.s. die 2de en 3de sendingreise en die reis na Rome. Tydens Paulus se tweede gevangeneskap is hy by Paulus; lees in hierdie verband 2Tm 4:11a (p. 281).

*Demas* word hier (v.14) slegs vermeld. Paulus sê niks meer van hom nie. Is dit dalk omdat Paulus reeds tekens van sy louheid kon sien. In 2 Tm 4:10 staan daar: "Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat en na Tessalonika vertrek." Waarskynlik was Demas maar 'n saamprater en saamloper, iemand wat nooit met volle oorgawe gedien het nie, wat nie met alles wat hy is en het in diens van Christus gestaan het nie. Waarskynlik wou hy net 'n sekere deel van homself gee, nie sy lewe nie. Met so iemand gaan dit goed solank die opofferings nie te groot is nie. As die opofferings egter te groot word, slaan die ware kleur deur, en dan kry hy wel die een of ander rede om sy medewerking te staak.

#### UITSIG

- Spieël jou *in diens staan van Christus* in die lewe van Epafras, Lukas en Demas. Ondersoek jou lewe biddend en maak die nodige regstellings.

***Gebedsriglyne:*** • Dank ons Vader dat Hy jou van die slawerny van die sonde vrygekoop en 'n slaaf van Christus gemaak het.

• Vra die leiding van die Gees in jou nakoming van jou pligte as slaaf.

## DAG 24 KOLOSSENSE 4:15-18

### JY MÓÉT JOU GODGEGEWE TAAK VOLTOOI!

### OORSIG

| Vers 15 | Vers 16 | Vers 17 | Vers 18 |
|---|---|---|---|
| Groete - versoeke van Paulus | Voorskrifte i.v.m. die lees van twee briewe | Die opdrag via die gemeente aan Argippus | Paulus se persoonlike groet en seënbede |

### INSIG

Ten slotte (v.15) vra Paulus dat sy groete oorgedra word aan die gelowiges in Laodisea, en aan Nimfa en die gemeente wat gereeld in haar huis bymekaarkom. In v.16 vra Paulus dat die gelowiges in Kolosse moet toesien dat sy brief, nadat dit aan die gemeente voorgelees is, ook aan die gemeente in Laodisea voorgelees moet word. Ook die omgekeerde moet gebeur: Die brief van Laodisea af moet in Kolosse voorgelees word. Uit hierdie opdrag wat Paulus gee, blyk dit dat hy bewus was van die feit dat sy briewe nie maar net plaaslike toepaslikheid gehad het nie.

In v.17 gee Paulus 'n opdrag aan die gemeente: hulle moet vir Argippus sê: "Gee jou aandag aan die taak wat jy in diens van die Here aanvaar het, sodat jy dit kan voltooi." Hierdie Argippus was waarskynlik die waarnemende predikant tydens Epafras se afwesigheid. Lees Filemon vv.1 + 2 (p. 286). Hieruit kan afgelei word dat Argippus die seun is van Filemon en Affia. Hy was waarskynlik jonk en onervare, en daarom huiwerig in die taak wat hy in diens van die Here aanvaar het. Dit is opmerklik dat Paulus nie Argippus self aanspreek nie, maar dat hy die gemeente opdrag gee om met Argippus te praat. Argippus se taak was waarskynlik t.o.v. die gemeente. Daarom sou 'n opwekking juis van hulle kant af so baie vir hom beteken.

Vervang Argippus se naam in v.17 met jou eie. Ook jy het die een of ander taak in diens van die Here ontvang. Ook vir jou sê ons Here: Gee jou aandag aan hierdie taak, sodat jy dit kan voltooi. God wat jou daartoe roep, is getrou! Hy sal jou die krag, insig, wysheid, volharding en woorde gee wat jy nodig het.

In vers 18 skryf Paulus met sy eie hand: *Groete, Paulus.* Paulus het waarskynlik sy brief gedikteer vir 'n "sekretaris". Sodat daar egter geen twyfel kan wees dat die brief inderdaad van Paulus af kom nie, vat hy die pen by die sekretaris en skryf in sy eie handskrif: *Groete Paulus.* En dan, asof in 'n *naskrif,* skryf Paulus: "Dink aan my waar ek hier gevange sit". Hy bedoel dat die Kolossense hom nie moet vergeet nie, veral nie in hulle gebede nie. Dit is duidelik: 'n werklike groot man is nie te trots om voorbidding te vra nie.

Paulus eindig sy brief met die seëngroet: "Die genade sal by julle wees". Mag jy na jou bestudering van die Kolossense-brief, hierdie genade des te meer voluit ervaar.

**UITSIG**

- Lees Op 3:14-22 op p. 330 (Christus se brief aan die Laodisense).
- In die lig van Kol 4:17 - watter taak het jy in diens van die Here aanvaar?

  Hoe is jy besig om daardie taak af te skeep?

  Hoe gaan jy in praktyk aandag daaraan gee om te sorg dat jy die taak voltooi?

*Gebedsriglyne:* • Vra ons Here om jou besondere taak in sy diens duidelik aan jou te openbaar, en om jou die krag te gee om daardie taak te volvoer.

• Dank ons Vader in die hemel vir die brief aan die Kolossense en dat jy dit kon bestudeer.